BELEID: PNS-SOJABOONELITEPROEWE

Die Raad van die Proteïennavorsingstigting (PNS) besluit:

1. Dat alle internasionale sowel as plaaslike instansies / saadmaatskappye kan inskryf om nuwe cultivars / nie-segregerende lyne te laat evalueer deur die PNS.

2. Dat 'n maksimum van agt (8) instansies aanvaar sal word om maksimum (10) inskrywings per instansie aan te bied.

3. Dat die inskrywings in siklusse van 3 jaar op 5 plekke aangeplant en evalueer sal word in die belangrikste klimaatsgebiede waar sojabone tans geproduseer word.

4. Dat na 'n siklus van 3 jaar kan aansoek gedoen word om 'n nuwe stel van 10 inskrywings vir 'n nuwe siklus van 3 jaar te evalueer.

5. Dat die ooreengekome aantal agronomiese en morfologiese metings / lesings oor die groeiseisoen geneem sal word per inskrywing per plek en saam met die gemete graanopbrengs aan elke spesifieke instansie beskikbaar gestel sal word vir sy eie inligting en gebruik. Inligting sal deurgaans vertroulik hanteer word.

6. Dat elke instansie self sal besluit of hy van sy inskrywings wil laat evalueer in die Nasionale Cultivarevaluasieprogram. Die PNS kan hiermee behulpsaam wees.

7. Dat elke instansie self sal besluit of hy sy materiaal wil laat registreer om te bemark in Suid Afrika. Die registrasie proses word hanteer en beheer deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (Die sogenaamde NUS-toets). Die PNS sal nie hierby betrokke wees nie en elke instansie sal sy eie agent aanstel in Suid Afrika om hierdie take te hanteer.

Dr Jos de Kock

28 Februarie 2013